Business Name

# Braunvieh SA

**KERSFEES UITGAWE**

Desember



## Presidents brief

Met 'n jaar wat verby gesnel het, kan ons met trots terugkyk na baie hoogtepunte!

Die Nasionale Kampioenskappe was beslis die hoogtepunt van die jaar.

Dit was lekker om te sien hoe die deelnemers se trots en entoesiasme tot die sukses van die skou bygedra het. Sampie en Liezel het die reëlings foutloos gedoen.

Die Nampo-uitstalling was weer n goeie vertoonvenster vir ons ras.

Ian en Ansie het die week opgeoffer, met n glimlag.

Die Nasionale veiling het groei getoon, met goeie kwaliteit diere.

Dankie Sampie - dis harde werk.

Die Braunvieh was baie sterk verteenwoordig op die ALFA- ekspo te Parys.

Die nuusbriewe word professioneel gedoen deur Kobus en Marietjie.

Dis ook n groot werk om al die lede op hoogte te hou van gebeure.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om die raad te bedank vir hul goeie gesindheid en harde werk.

Hierdie mense is bereid om die ekstra myl te loop - sonder vergoeding.

Dankie aan die lede wat ons ondersteun; julle is die pilare waarop die Braunvieh-genootskap staan.

Iets om te onthou:

Klein gedagtes bespreek mense;

Gemiddelde gedagtes bespreek gebeure;

Groot gedagtes bespreek idees!

Moenie jou lewe deur jou vingers laat glip deur in die verlede òf in die toekoms te lewe nie.

Mag Kersfees geseën wees en vrede bring.



# Redateursbrief

Kersfees is voor die deur en tog moet daar nog so baie gedoen word, 'n mens weet nie altyd waarom alles so gelyk moet gebeur nie. Die laaste ses maande van die jaar was besig met boere dag by UNICORNE SKOOL, dankie Francois vir jou reëlings, asook Fanie en Gawie vir julle deel aan die mooi dag.

Op 7 September lei al die paaie na Kimberley vir ons nasionale veiling en was dit nou 'n groot sukses! Na die lekker kuier om 'n heerlike braai elke aand het ons weer familie bande verstewig en regtig mekaar nog beter leer ken. Sampie en Fanie het die veiling gereël, hulle het groot aandeel aan die veiling se sukses gehad. Ek het van menige telers verneem wat met groot lof gepraat het van die reklame, die reëlings, video, almal wat gebel het. Nogmaals baie dankie vir julle harde werk. Ook groot dank aan die GWK span, met Schalk Erlank aan die spits, lekker om jou altyd te sien Schalk jy loop vir ons die ekstra myl.

En toe is almal na Parys vir Alpha Expo.

Baie geluk aan almal wat met groot moeite en kostes die beeste so mooi voorberei het en die Braunvieh se naam hoog gehou het. Baie geluk Shané Botha met jou vers se eerste plek, ons is saam met jou bly met die prestasie. 'n Groot dankie aan Pierre Swart wat vir ons braunvieh osse gevoer het wat aan die slagos kompetiese deel geneem het, dankie Pierre ons waardeer jou ywer en jou entoesiasme vir die ras word raak gesien.

Baie dankie aan ons President en Vise-president vir julle leiding deur die jaar. Daar was moeilike dae, maar julle het ons met goeie raad daardeur gehelp.

Baie geluk aan Leon Strauss, sy bul was een van die finaliste tydens LNR se prestasie toekennings in Pretoria.

'n Bul van Christopher Havenga is gekies om tydens Bloemfontein skou die ras te verteenwoordig by Stamboek se prestasie toetsklas. Baie geluk Christopher, ons hou duim vas.

Die keurders vergadering is in Maart en dit sal weer op Palmietgat Brandfort wees.

Ons skou vind plaas in Bloemfontein op 1 Mei asook die Algemene Jaar Vergadering.

Ons beoog om weer 'n veiling te hou tydens die skou, lede mag slegs vir veiling in skryf as u aan die skou deelneem. Die doel is om meer vroulike diere op die veiling te hê, 1 bul per vertoner maar geen beperkinge op vroulike diere nie. Die inskrywingsdatum sal per teksboodskap aan u gestuur word.

Die nasionale veiling vind plaas op 23 Augustus 2019 te Kimberley. Let asseblief daarop dat die datum vervroeg is.

Geniet die vakansie met jul familie en mag Kersfees 'n vreugdevolle fees wees.

Mag ons die nuwe jaar met vertroue en geloof in gaan. Al lyk dit na 'n donker jaar wat voorlê, moet ons mekaar ondersteun en bemoedig met die wete dat die Here ons by die hand sal neem en ons sal bystaan.

Lekker BOER geniet julle beeste en dankie vir almal se vriendskap.

Vriendelike groete,

Kobus Bezuidenhout.

# *Nasional Veiling*

Die jaarlikse Nasionale Braunvieh veiling het plaas gevind op 7 September 2018 te Kimberley by die GWK veilings kompleks.

'n Puik groep diere is aangebied.

Die duurste bul is teen R 67 000.00 verkoop aan Mnr. Frans Engelbrecht van Tosca en die verkoper was Eduan Bdy van Mnre. Gawie en Willem Naude van Barkley-Oos.

Die duurste vroulike dier op die veiling was 'n 3-in-1 koei van JC Braunvieh van Mnr. Andrê en Mev. Annemarie Reitsma van Edenglen Gauteng en is aan Mnr Hampie van Zyl van Deben verkoop teen R 32 000.00

Die volgende gemiddeldes is behaal:

Bulle -

R 44 400.00

Koeie met kalwers -

R 20 300.00



## *Alpa expo*

ALFA 2018 was definitief die hoogtepunt op hierdie jaar se skoukalender. Wat 'n wonderlike ervaring om soveel diere van top gehalte onder een dak te beleef. 'n Geleentheid wat elke liefhebber van beeste, skape, bokke, hoenders, honde en noem dit, nie kan mis nie.

Braunvieh SA was baie goed verteenwoordig en vertoon in al die kategorieë.

Die Bester Familie met hul Witbek Salutee wat gekwalifiseer het met die Standerton skou 2017 en 2018.

Eduan Braunvieh met Eduan Mani's Sally, die "wildcard" inskrywing van die borge vir Bloemfontein en Royal skoue.

Eduan Braunvieh vertoon ook die "moneymaker" koei Eduan Impressive.

Die groep van drie verse word vertoon deur Charné Botha, Eduan WH Scharlet, Casper Beyleveld, Eduan Mani's Sproetjies en Eduan Braunvieh met Eduan Mani's Ruth. Die vers van Charné is hier die wenner en hulle ontvang die Vleissentraal prys daarvoor.

Die Borge het hul hande diep in hul sakke gesteek en die vertoners is ruim onthaal.  Baie dankie Hinterland en veral Phillip Lee, Marlene Momberg en hul span. Vleissentraal het die Verse geborg en Nutri Feeds die Moneymaker koei.

Die hoogtepunt was beslis die onthaal met 300 mense in die tent en die optog van die kampioene gelei deur 'n doedelsak speler. Hoendervleis oomblikke wat lank onthou sal word.







# *Braunvieh Kruisteling program*

Almal praat daarvan dat ons ras die mees onderskatte ras is as dit by kruisteling kom.

Ons het dit goed gedink om die saak aan te spreek.

Daar is twee projekte wat ons wil bekendstel op NAMPO naamlik; Fanie Els met sy Boran X Braunvieh kruise en Daruis Stumke in Uitenhage met Bra-maan.



Boran koei x Braunvieh bul



Osse van Mnr Peer Swart



*Braunvieh koei*

*x*

*Boran bul*

## *Embleem Grondwet Wysiging*

Versoeke is ontvang dat die ou embleeem vervang moet word met 'n nuwe embleem.

Die raad versoek van lede om met enige voorstelle te kom vir die wysiging van 'n nuwe embleem sodat dit met goedkeuring by AJV 2019 gedoen kan word.

Ons is opsoek na 'n nuwe slag-spreuk.

Lede kan enige voorstelle vir 'n nuwe slagspreuk soos, bv *die kruis ras koning*, (slegs 'n voorbeeld), aan ons gee.

## *Lief en leed*

Die ooievaar was be-drywig die jaar,
Baie geluk;
Hardus en Hanrie Clo-ete met die geboorte van jul seun Gerhard,
Fanus en Marié Botes met geboorte van jul dogter Franli,
Mag hulle vir julle baie vreugde bring en julle as gesin geseënd wees.
Baie geluk aan ons sekretaresse Liezel Grobler met die koms van die nuwe kleinding in April 2019.

Geluk aan Hans en Marina Bester, asook Ian en Ansie Botes met julle klein-kinders .

Geluk aan Molly en Jan-Paul Lubbinge met hul troue op 1 Desember, mag julle huwelik net voorspo-ed inhou. Die twee het dan ook klaar studeer en is nou veeartse, baie geluk hoop julle gaan lek-ker werk daar in Nel-spruit.

Marelize Bezuidenhout het dan ook haar Landbou diploma verwerf te Grootfontein Landbou Kollege met vier onderskeidings, baie geluk.

Geluk aan elke ander leerlinge in skole en of op universiteite met jul prestasies, waarvan ons nie gehoor het nie.

Ons dink aan Marina Bester met haar ma wat weer in die hospitaal was, ons wens haar beterskap toe.

Dit is dan ook met groot hartseer dat ons gehoor het van Annica de Villers se afsterwe. Sy het voor ons groot geword en was baie lief vir die Braunvieh ras. Pieter, Erica en Ari-na, Oom Piet en Tannie Anna, mag die Here julle vertroos en julle toevou met Sy liefde en julle elke dag in Sy hande van be-waring hou. Ons bid vir julle in die moeilike tyd.

## *Nuwe Lede*

Baie welkom aan ons nuwe lede:

Hendrik Strydom van Petrusburg,

Eric de Klerk van Boshof

Mag julle gou deel word van die familie en

groot hoogtes bereik met jul stoeterye.

Voel vry om ons te skakel vir enige raad.

## *Dankbaarheid in my hart*

My liggaam voel soms seer, maar hy werk nog.

Ek slaap nie goed party aande, maar ek staan elke dag op om nog 'n dag aan te pak.

My beursie is nie vol nie maar my maag is. Ek het nie al die goed wat ek wil hê nie, maar ek het als wat ek nodig het.

Ek is dankbaar want al is my lewe nie perfek nie, dit is my lewe en ek is gelukkig.

Ek is dankbaar vir 'n kans om te lewe, selfs met al sy teleurstelllings en hoogte punte. Dit is ongelooflik, dat daar altyd iets is om voor dankbaar te wees,

elke liewe dag.